Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2020-11-13

Geagte ouers

Ons nader nou baie vinnig die einde van die akademiese jaar. Ons eksamen begin volgende week. Ek herhaal die volgende baie belangrike reëlings, soos reeds op 23 Oktober aan u meegedeel.

Ons Gr. 7-leerders begin reeds op Maandag 16 November met hul eksamen terwyl die Gr. 4-6-leerders op 19 November met hul eksamen begin. Om by die COVID-19 regulasies te hou verskil die eksamen formaat ietwat van vorige jare. Ons gaan daagliks van twee sessies gebruik maak:

SESSIE 1: Gr. 4/5:	*SESSIE 2: Gr. 6/7:*
07:00-07:30 Aankoms & Sifting van leerders	10:00-10:30 Aankoms & Sifting van leerders
08:00-09:00 Skryf van eksamenvraestel	11:00-12:00 Skryf van eksamenvraestel
09:15-09:30 Verdaag	12:15-12:30 Verdaag

Tydens die eksamen tydperk bly leerders by die huis of verlaat hulle die skoolterrein tydens die sessies wat hulle nie skryf nie. Leerders wat in die tweede sessie skryf moet eers 10:00 skool toe kom. Leerders wat tydens die eerste sessie geskryf het moet 09:15 by die skool afgehaal word.

Slegs die Gr. 7-leerders woon op 16, 17 en 18 November skool by. In hierdie dae sal Gr. 4-6-leerders by die huis bly om te leer.

Grondslagfase leerders sal soos gewoonlik voortgaan met hul klasse en verdaag om 12:00.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Na-afloop van die eksamen (vanaf Maandag 30 November) sal geen verdere akademiese klasse aan enige leerders (Gr. RR-7) aangebied word nie. Die amptelike laaste teenwoordigheidsdatum van leerders by die skool word bepaal as Vrydag 27 November 2020. Die personeel is egter nog elke dag tot 15 Desember by die skool.

Akademiese Rapporte: Alle leerders (Gr. RR-7) ontvang hul akademiese rapporte op die amptelike laaste dag van die kwartaal nl. Dinsdag 15 Desember. Ons sal dieselfde formaat volg as die einde van die 3de kwartaal.

Sifting van leerders vind tussen 07:00-07:30 plaas. Leerders rapporteer onmiddelik na sifting by hul klasonderwysers, ontvang hul rapporte en verdaag direk hierna. Teen 08:00 behoort die laaste leerders die skoolterrein te verlaat. Weens veiligheidsredes sal geen rapporte by die skoolkantoor beskikbaar wees nie.

FINANSIES

KIA / STULTING WEN 'N MOTOR: KIA Jeffreysbaai (www.kiajbay.co.za) het 'n nuwe inisiatief om fondse vir die skool in te samel van stapel gestuur. Koop 'n kaartjie om 'n kans te staan om 'n ***SPLINTERNUWE KIA Picanto*** te wen! Die kompetisie eindig met die trekking van die gelukkige wenner op 15 Desember 2020 by die KIA agentskap op Jeffreysbaai.

63450 62352

Kaartjies word "aanlyn" gekoop teen R 100 elk. Alle gelde word direk in die skool se rekening inbetaal. U kan ook die inskrywingsvorm by die skoolkantoor voltooi. Versprei die nuus ook aan u vriende en familie.

U kan op verskeie maniere toegang tot die ***KIA / STULTING WEN 'N MOTOR*** trekking verkry.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Wat moet u doen om 'n kaartjie aanlyn te koop?

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Besoek die skakel www.kiajbay.co.za. met u rekenaar.
4. Klik op die 2de skakel: KIA JBAY SPONSORSHIP.
5. Klik op LAERSKOOL STULTING
6. Neem jou selfoon en skandeer die QR Code met u masterpass app.
7. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
8. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
9. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

OF

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Besoek die skakel www.stulting.co.za
4. Neem jou selfoon en skandeer die QR Code met u masterpass app.
5. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
6. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
7. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

OF

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die *masterpass app* op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Besoek die skoolkantoor en skandeer die QR Code by ontvangs.
4. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
5. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
6. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe **KIA Picanto** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

OF

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Klik op die skakel wat u per Whats App-boodskap van u klasonderwyser ontvang het.
4. Volg die instruksies soos hierbo uiteengesit.
5. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
6. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
7. U is nou ingeskryf om ‘n kans te staan om ‘n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens Desember 2020 se trekking. 15

OF

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Neem jou selfoon en skandeer die QR Code op hierdie nuusbrief met u masterpass app.
4. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
5. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
6. U is nou ingeskryf om ‘n kans te staan om ‘n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens Desember 2020 se trekking. 15

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF